

HEILBRON

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

HERALD



>>> BLADSY 3

Maria van Riebeeck

Dit is ook Maria wat as moeder van 'n groot gesin betekenis gegee het aan die volksplanting aan die suidpunt van Afrika.

>>> BLADSY 6

Om te meet is om te weet

Die toekoms lê in die persoon wat begrip het dat mikro-organismes vir jou moet werk en nie teen jou nie.

>>> BLADSY 8

Rolbal se besigheidsliga begin

Die spanne het mekaar goed opdraande gegee, maar die gholfklub-komiteede het bewys hulle ken balle!



DAAN SE STEM IS STIL

Danie du Plessis het op Dinsdagoggend 13 Oktober by sy huis heengegaan. Oom Daan, soos meeste van hom gepraat het, was vir agt dae in die hospitaal opgeneem nadat hy siek geword het en Covid-positief getoets is. Daan is verlede Vrydag ontslaan nadat die inkubasietydperk vir aansteeking verby was. Hy is Dinsdagoggend kort voor agtuur oorlede weens suurstof tekort. Januarie sou hy en sy vrou, Annetjie, reeds vir 10 jaar die trotse eienaars gewees het van die San-Jo's familie-restaurant. Daan was lank in beheer van die teerpadprojek in Heilbron en het die bestuur daarvan behartig. Wanneer die donasies skrap was, het hy die kostes uit sy eie sak gedek. Hy sal onthou word vir die vriendelike geselsies tussen deur die restauranttafels en die verskil wat hy in Heilbron se gemeenskap gemaak het. Hy word oorleef deur sy moeder, Sera en laat na sy vrou Annetjie, sy kinders Cornelis en Chantelle, Annet en Dawie, Liezl en Arnold, kleinkinders Chanel, Gerhard en Clarissa, asook twee susters, Hanneljette en Naomie. Nie net sy familie nie, maar ook die hele Heilbron gemeenskap sal sy stem mis. Sy skoondogter was ook in die hospitaal opgeneem, maar is reeds ontslaan. Die begrafnis is uitgestel tot al die familieleden uit isolasie is en sal plaasvind op Vrydag, 23 Oktober, by die Vegkop-terrein deur Ds Tommy van Vuuren. San-Jo's is tans gesluit en heropen Maandag die 19de Oktober 2020.

DIE UURGLAS LOOP LEEG MNR. KANNEMEYER

Die arrogansie van amptenare om bloot nie te reageer oor belastingbetalers se klagtes nie, het AfriForum genoop om tot aksie oor te gaan. In 'n brief word daar vyf punte aangeraak wat dringend aandag moet kry en dié keer het hulle net tot vandag tyd, anders gaan daar kriminele klagtes by die polisie gelê word. Heilbron het baie keer geen water nie. Dele van die dorp het selfs drie dae daarna nog geen water gehad nie, nadat die res van die dorp se watertoevoer herstel is. Daar is talle waterlekkas wat nie herstel word nie, en die munisipaliteit het reeds ongeveer 20 miljoen liter water verloor. Dit is onaanvaarbaar. Rioolpype is verstopt en word nie behoorlik skoongemaak nie. 'n Nuwe kontrakteur word aangestel wat nooit die probleem oplos nie, maar tog betaling ontvang. Die riool wat in strate afloop hou 'n groot gesondheidsrisiko in, terwyl die spruit reeds besoedel is. Die brandweer vir alle praktiese doeleindes, bestaan nie. Skade aan minstens vyf huise as gevolg van brande, kon verhoed gewees het. Die brandweerstasie is in puin weens vandalisme, die brandweervoertuie staan in die motorhuis, maar kan nie gebruik word nie, omdat dit nog nie betaal is nie. Intussen het die munisipale brandweermanne salarisse ontvang terwyl hulle niks doen nie. Die stortingsterrein is sonder lisensie, besoedel die hele gebied en hou 'n ernstige gesondheidsrisiko in. Die rioolwerke werk nie na behore nie en pomp rioolwater in die spruit af, waar dit eindig in die Koppiesdam.



**FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
DONDERDAE – ROYAL AUCTION CENTRE**



**Vir kraalbesprekings en inskrywings
skakel Piet Boshoff: 083 210 7135**

Postbus 220, Frankfort 9830 | Tel: 058 613 1071
E-pos: frankfort@bklouw.co.za
www.bkb.co.za
Reg. No. 2005/076173/07

*Waar sake elke keer,
die eerste keer reg gedoen word!*

GASSPREKER BY DIENSSSENTRUM

Die Heilbron Dienssentrumlede se gas met hul byeenkoms die 13de Oktober was Judy Aucamp (derde van links). Sy het die lede saam op reis geneem deur te vertel van hulle besoek aan Dubai en omringende gebied. Dit was vir die lede interessant om te hoor van hierdie Moslemland met hulle gewoontes en gebruike. Die oordadigheid as gevolg van hulle olie-rykdomme het almal verstom. Volgende week Dinsdag kuier die lede weer saam.



Tree proaktief op deur seker te maak:

- Dat misdadigers nie onopgemerk oor jou heining kan kom nie – installeer strale, duiwelsvurk, elektriese heinings, ens.
- Deur vroeë waarskuwingsisteme in plek te stel: beweging- en hitesensors, strale, of CCTV wat 'n groot afskrikmiddel is, want hulle kan daarmee geïdentifiseer word, maar kry 'n behoorlike stelsel wat opnames maak wat elders gestoor word. Jou hondevriende: groot honde buite, maar 'n keffertjie binne – dis die grootste afskrikmiddel.
- Deur 'n veiligheidsplan te ontwerp: Elke lid van die gesin moet betrokke wees, elkeen moet weet wat sy taak is, hoe om op te tree in gevaarsituasies, hoe om op te tree as die alarm buite afaan en iemand op die erf is. Alle noodnommers moet op almal se selfone wees. Oefen noodsituasies in – dit moet 'n gewoonte word.
- Dat die gevaar buite gehou word, ten alle koste.

Is jou huisgesin snags beveilig?

- Hoeveel keer lees ons dat die inwoners wakker word met 'n geweerloop of pistool teen die kop? 'n Klein keffertjie wat in die huis slaap, is die grootste afskrikmiddel.
- Bring behoorlike veiligheidshekke aan met ekstra slotte bo en onder wat die slaapgedeelte snags afsluit van die res van die huis. Verseker dat dit nie met 'n koevoet oopgebreek kan word nie.
- Indien jy 'n alarmstelsel het, stel dit so dat enige beweging in die huis, behalwe die gedeelte waar die gesin is, gedek is; hou die noodknoppies byderhand.
- Rig ook 'n kamer in vir 'n noodtoestand met ekstra selfone, radio, noodnommers, 'n brandblusser, weggesteekte wapens, flitsligte, noodhulpkissie, ens.
- Skuifdeure is enige huis se swak plek. Installeer dwarsysters in die spoor van die skuifdeur. As die skelm met 'n koevoet dit probeer oopmaak, sal dit 'n groot geraas maak. Oorweeg om 'n dwarsyster aan te sit aan die binnekant van 'n deur wat na binne oopmaak. Al word die slot oopgebreek, kan die deur nie oop nie.

WEES WAKSAAM!

- Doen die volgende om veiligheid en sekuriteit in afgeleë areas te verseker:
- Ken jou bure en handhaaf goeie verhoudings met hulle.
 - Weet watter sekuriteitsdienste en gemeenskapsgebaseerde inisiatiewe om misdaad te voorkom in jou area beskikbaar is, en weet hoe om hulle te kontak ingeval van nood.
 - Hou die kontakbesonderhede van die sekuriteitsmaatskappye, gemeenskapsgebaseerde wagte, nooddienste en die polisie stasie geredelik beskikbaar.
 - Sorg dat jy 'n alternatiewe manier van kommunikasie het indien die telefoonlyn en selfone nie werk nie.
 - Word deel van die misdaadvoorkomingsprogramme wat die Suid-Afrikaanse Polisie diens en die gemeenskap, inisieer.
 - Sorg dat jy goeie verhoudings met al die betrokke rolspeleers het en weet wie om te kontak ingeval van nood.
 - Oorweeg om 'n buurtwag in jou area tot stand te bring, of raak betrokke by die bestaande buurtwag.
 - Neem deel aan simulatie-oefeninge met die Suid-Afrikaanse Polisie diens om die doeltreffendheid van die reaksie op insidente, te toets.
 - Handhaaf goeie veiligheidsmaatreëls en -gewoontes tuis, en laat weet jou bure, die buurtwag, die Suid-Afrikaanse Polisie diens en sekuriteitsmaatskappye van enige verdagte gedrag en aktiwiteite in jou omgewing.
 - Verseker dat alle deure (insluitend sekuriteits- en motorhuisdeure), ten alle tye gesluit is, en dat vensters toe is wanneer jy binne is of nie tuis is nie.
 - Hou 'n register van die besonderhede van alle persone op die perseel, insluitend werkers en moenie enige onnodige toegang tot die perseel toelaat nie.
 - Ontbosh gereeld die area om jou huis en maak jou erf en alle moontlike wegkruipplekke skoon. Sluit alle gereedskap en implemente toe.
 - Wees waaksaam en verseker dat alle persone op die erf, insluitend werkers en besoekers, ook waaksaam is en weet wat om te doen in geval van verdagte optrede en/of 'n noodsituasie.
 - Moenie blindelings reageer op enige verdagte aktiwiteite nie, veral nie snags nie.
 - Moenie 'n groot bedrag geld en/of waardevolle items op die perseel hou nie.
 - Verseker dat addisionele veiligheidsmaatreëls ingestel is indien jy enige produkte van die perseel af verkoop.

Alwyn Swart – Sommige van die uittreksels uit Gerhard van Jaarsveld se Veiligheidshandleiding. Lees volgende week meer.

MISDAADVOORKOMING

AMPTELIKE VERKLARING RAKENDE PLAASAANVALLE EN PLAASMOORDE

• 10 Oktober 2020

Ons as kerkraad van die Afrikaanse Protestantse Kerk Petrus Steyn wil eerstens ons innige meegevoel en empatie aan elke huwelikspaar, gesin, familie en gemeenskap bekend maak wat deur hierdie barbaarse en lafhartige optredes uitmekaar geruk is. Ons harte gaan, in besonder, na die ouers, familie en vriende van Brendin Horner uit, wat sy lewe op so 'n afskuwelike wyse verloor het. Ons bid die Horner gesin, en elkeen wat deur hierdie dade geraak is, die Here se ewige vertroosting toe wat slegs by ons hemelse Vader, Jesus Christus, te vinde is (Matt. 5:4). In die tweede plek het dit uit 'n vorige uitspraak van die president geblyk, toe hy gesê het dat daar nie aanvalle en moorde op blanke boere plaasvind nie, dat die regering nie 'n snars vir die boere van die land omgee nie. Hierdie stelling en menigte stellings van ander kabinet- en parlamentslede het net die emosie wat gesluimer het, weer laat opvlam. Die Woord van die Here stel dit uitdruklik dat ons niemand se lewe in gevaar mag stel of hulle lewe mag neem nie (Ex. 20:13, ensovoorts). Ons as kerkraad én gemeente is daarom diep deur hierdie terreurdade bedroef en gewalg. Dit is ons, as 'n kerk van Jesus Christus, se profetiese roeping om die regering, al skeel dit hulle min, te vermaan om hul aan die ware God en sy Woord te onderwerp. Die regering moet aan die Here gehoorsaam wees om só sy roeping en verantwoordelikheid teenoor die Here en die burgers na te kom. Die regering het die mag van die swaard ontvang om kwaaddoeners te straf (Rom. 13:4)

en die wat goed doen te beskerm (1 Petr. 2:14). Regering in terme van daardie Bybelse beginsels bestaan geensins nie. Vervolgens wil ons elke gelowige volksgenoot vermaan om nie die reg in eie hande te neem nie. Die wraak en vergelding kom slegs die Here toe (Deut. 32:35). In Ps. 125: 5 lees ons dat die Here regverdig is en geregtigheid sal laat geskied: “Maar die wat langs krom paaie wegdraai, sal die HERE laat vergaan saam met die werkers van ongeregtheid...”. Andersyds mag ons ons lewens en eiendom verdedig indien gevaar dreig (Eks. 22:2-3). Laastens wil ons die Christen Afrikaner se oë tot die Here rig. Staun u in 'n verhouding met God die Vader? Is die Here Jesus waarlik u Verlosser? Dan moet u ook so leef deur die Here u God met u hele bestaan en in daad lief te hê. Sy Seun het sy lewe aan die kruis geoffer, sodat ons in 'n verhouding met die Vader kan staan. Wees alleenlik van ons getroue Here afhanklik. U moet verder teen die sonde in u lewe, deur die krag van die Gees, stry en aflê. Wees laastens aan die geloftes (Jan van Riebeeck-, Bloedrivier- en Paardekraalgelofte) wat ons voorgeslagte aan die Here gemaak het, getrou. Dien die Here uit dankbaarheid en met blydskap vir sy verlossende genade elke dag. “Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.” (Ps. 121:1-2). In diens van die ewige Koning, Jesus Christus.

Kerkraad van die Afrikaanse Protestantse Kerk Petrus Steyn

MARIA VAN RIEBEECK

• Quarta Pretorius

Ek wil 'n paar onbekende standbeelde uitlig. As jy deesdae net die woord standbeeld noem, dan rys almal se nekhare. Ons jongmense leer niks meer van ons land se geskiedenis nie. As jy net Jan van Riebeeck se naam noem, dan is almal op hul agterpote. Arme Jan van Riebeeck.

Ek wil egter net 'n bietjie meer vertel van sy vrou Maria. Sy het in April 1652 saam met haar man in die Kaap aangekom. Driehonderd jaar later in 1952 is die Van Riebeeck Fees in Kaapstad gevier. Die Nederlandse regering het toe besluit dat hulle dié groot gebeurtenis op gepaste wyse wil erken deur 'n beeld van Maria van Riebeeck aan Suid Afrika te skenk. Die beeld van 'n jong vrou met 'n bossie blomme in haar regterhand en 'n mandjie vrugte en groente aan haar linkerarm, is deur die bekende Nederlandse beeldhouer Dirk Wolbers gemaak en in Parys Frankryk in brons gegiet. Die beeld is op 2 Oktober 1954 deur sy koninklike Hoogheid, prins Bernard van Nederland in



Kaapstad onthul. Die prins het in sy toespraak daarop gewys hoe passend dit is dat die beelde van Jan en Maria van Riebeeck nou albei in die Kaap gesien kan word. Haar beeld is langs die van haar man Jan in Kaapstad opgerig.

Dit is ook Maria van Riebeeck wat as moeder van 'n groot gesin betekenis gegee het aan die volksplanting aan die suidpunt van Afrika. Sy het agt kinders gehad. Na 10 jaar het sy die Kaap verlaat en haar man gevolg na Batavia en later na Malakka. Sy is op 2 November 1664 oorlede en met militêre eer begrawe, nie slegs omdat sy die vrou van die goewerneur van Malakka was nie, maar ook omdat sy bemind en gelief was by almal wat met haar in aanraking gekom het.

Jaarliks word daar deur die Afrikaans-Nederlandse Vereniging uit Nederland op 6 April kranse by die standbeeld van die van Riebeeck egpaar as die stigters van die Suid Afrikaanse volk gelê. Waarom dan al die negatiewe uitlatings oor Jan van Riebeeck. Ek sê weer 'n volk sonder 'n verlede is 'n volk sonder 'n toekoms.

DAAR SAL OOK WEGNEEM NAGEREG @ R10 EN 'N TAFEL MET GEBAK VIR WEGNEEM BESKIKBAAR WEES.

Goue Fare Fees

HUIS BRON-VAN-HEIL

31 OKTOBER 2020

Kom en kry 'n heerlike wegneem braaivleisete (Pap & Sous, Skaaptjoppie, Sosatie & Wors) **@ R60 vanaf 12:00 - 14:00.**

Slaaie: Noedelslaai, groenslaai @ R5 per slaai (Slaaie kan in Pap & Sous se plek geneem word)

Navrae: Gerda Pieters 081 356 7575 of Sandra Mynhardt 082 940 0120



UIT DIE PEN

Being different is not wrong. Sê dit weer: Being different is not wrong.

Dit was ons mantra toe ons so drie maande gelede 'n werksessie gehad het. *Being different is not wrong.* Maar dit is nie wat ek in die media of ander publikasies sien nie. Almal onder die son, die skrywer ingesluit, het 'n opinie. Maar alle opinies is nie gelyk nie. Amper soos in George Orwell se boek, "Animal Farm." *All animals were created equal. Some are just more equal.* Die ironie van bogenoemde tref my weer en weer. Ek dink nou somer aan die *Queer*-aktiviste wat 'n gastehuis in Kampsbaai beset het. Heerlike vakansie vir sewe van hulle. Hulle het die gastehuis vir drie nagte gehuur, en toe aangekondig dat hulle nie die perseel gaan verlaat nie. Hulle gaan nou daar bly om die aandag te vestig op die vele probleme waarmee hulle te kampe het. Het jy gehoor: hulle het daarmee te Kampe op Kampsbaai. (Simpel

grappie, ek weet). Die ou groepie het die gastehuis met ses slaapkamers betrek, hulle het toegang gehad tot 'n swembad en 'n borrelbad en deur daar te bly, kan hulle die R4000 per aand vryspring. Omdat hulle daar is vir 'n rede.

Hiermee wou hulle die kollig plaas op die ongelykheid in Suid-Afrika wat betref die baie klein persentasie ryk mense teenoor die groot gros arm mense. My opinie: hulle gaan bly in 'n plek wat die meeste mense nie kan bekostig nie en nou wil hulle ander indoen omdat hulle nie wil werk nie. Onthou: *Being different is not wrong.*

Is dit nie so dat die eienaars van die gastehuis gewerk het om dit te kan bekostig nie? En dat hulle dit steeds uitverhuur om dit af te betaal? Vir die besetters is dit nie die geval nie: hulle het gesien dat die gastehuis tydens die inperking leeg staan (*duhu* – soos al die ander toeristebestemmings in Suid-Afrika), en toe hulle kans waargeneem. Maar my opinie tel nie, want dit is nie deel van die besetters se opinie nie. Ten spyte daarvan dat *being different is not wrong.* Hierdie groep kunstenaars, soos hulle na hulself verwys, was POC's (Persons of Colour). Hulle wil uit vrye keuse die plek beset, maar wil nie geboelie word nie. Goed, daar het julle my klaar verloor. Jy beset iemand anders se plek, maar niemand mag jou daar uitgooi nie. Aan wie se kant is die reg dan nou? Volgens een van die besetters is dit belangrik dat "queer-mense en vroue, gesinne en kinders, veilige en mooi woongebiede verdien." Aldus Netwerk24. Hoekom queer-mense en vroue uitsonder? Wat van die res? Die eienaar van die gastehuis is

WEEK NEGE-EN-TWINTIG

hof toe om die mense te laat uitsit (nie soos mens met ou honde maak nie). En so gaan die debakel oor wat gedoen moet word.

Sou die eienaars van die gastehuis besluit om die groep uit te gooi, word die sosiale media (meer 'n ewel as 'n noodsaaklikheid in my opinie, weereens "being different is not wrong") gebombardeer deur die onregverdige behandeling van die sogenaamde *Queer*-gemeenskap. Sou die eienaars van die gastehuis besluit om die groep daar te los, word 'n presedent geskep vir ander groepe om elke lieue gastehuis wat 'n lêplekkie het, te betrek. 'n Geval van *Damned if you do, damned if you don't.*

Hier is die ding: Ek stem nie met hulle saam dat hulle die reg het om 'n ander mens se gastehuis te betrek nie. Hulle stem nie met my saam oor my opinie nie. Daarom sal ek uitgemaak word as 'n homofoon of een of ander nuwe term waarvan ek nog nie kennis geneem het nie. Wat van die plaasmoorde? Sou iemand sy mond daaroor uitspoel oor die ligte vlag van geweld wat verlede week in Senekal losgebars het (vergelyk die plunder van Clicks-winkels), is hulle onkundig en dra nie ander rasse-groepe en -moorde op die hart nie. Sou iemand weer aan die kant wees van die staatsaanklaer wat 'n ellelange klagstaat teen mn. Pienaar het, is dit ook nie reg nie. Ek verstaan nie aldag die wêreld nie. Miskien is ek nie gemaak om dit te verstaan nie. Want die afgelope paar maande het sekere minderhede se opinies ewe skielik meer saakgemaak as die

meerderheid s'n. Ander tye was dit die meerderheid se opinies wat meer aanvaarbaar was. Wat ek gedink het "reg" was, is nou ewe skielik verkeerd. Wat ek as "normaal" ervaar het, was al die tyd 'n leuen, want my "normaal" is nie jou "normaal" nie, en ek kry nie krediet vir my "normaal" nie.

Met "normaal" bedoel ek nie noodwendig my eie opinie nie, maar dit wat al die jare as die norm aanvaar is. Wat is die norm? Maklike antwoord: die norm is die opinie van die dag. As jy 'n gastehuis wil betrek en (onwettig) daar wil woon omdat jy 'n punt wil maak, is dit die norm, want dit is jou opinie. Wanneer ander dink dat dit nie die norm is nie, is hulle bloot verkeerd.

Makliker gestel: as jy gedink het jy was die hele tyd reg, is jy verkeerd. Jy was nog die hele tyd verkeerd, maar jy het gedink jy is reg. As jy gedink het dat jy die hele tyd nog verkeerd was, is jy reg. Jy was nog die hele tyd reg, maar jy het gedink dat jy verkeerd is. Gits, ek is nou so deurmekaar. Is dit werklik so dat jy verskillend kan wees en nie noodwendig verkeerd nie? Duidelik nie in hierdie wêreld waarin ons leef nie.

Being different is not wrong? Is dit nie eerder: "*Being different is not the norm*"? Hang natuurlik af aan watter kant van die draad jy versigtig staan en wie aan die woord is. En natuurlik wie se agenda op dié dag gedryf gaan word.

'n klein kompetisie Ek het 'n sak aartappels by 'n barmhartige Samaritaan gekry ... My baas het my ingeroep vandag met 'n bevordering ... My dokter het gebel en laat weet dat die toetse skoon teruggekom het ... My kind het 'n beurs gekry ... Vader ek het gehuil, want ek vergeet soms dat dit maak nie saak hoe klein en nietig ek is U altyd dâar is om aan my aandag te gee met my probleme en te voorsien in al my probleme en my daarmee te help. U nooi ons dan juis deur middel van U Woord... "Kom na My toe met al julle probleme en ons sorge" Liewe Vader dankie dat U altyd tyd het vir my probleme en altyd daarin voorsien wanneer ek twyfel en vergeet dat U nog altyd gesorg het wanneer ek net donkere sien en U vergeet. *Bron: "Lewende Lote" Ingestuur deur Heléne*

BRIEWE VAN ONS LESERS

Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell van Huis Bron-van-Heil gerig aan die Redakteur:

Hy het altyd tyd vir jou
Liewe Vader, ek het vandag opgestaan met die sinkende gevoel dat dit nog 'n dag is ... hoe gaan ek vandag deur hierdie dag kom? Hoe gaan ek al my paaiemente betaal? Hoe gaan ek my familie kos gee? Gaan ons veilig wees vandag? Gaan ek my werk kan behou? Gaan my familie gesond wees? Sal ek my kind bekostig op skool? Liewe Vader ... ek het opgestaan met soveel moeite. Ek wou nie die dag begin nie, maar ek moes. Vrae en vrae! Toe ek egter vanaand by die huis kom het ek met skaamte in trane uitgebars, want: Ek het 'n paar randjies gewen in

DIE RUS INGE GAAN

In liefdevolle herinnering aan Elsie Josina Duminy oorlede op 7 Oktober 2020 in die ouderdom van 90. Die diens het plaasgevind vanuit die N.G Kerk in Petrus Steyn op 15 Oktober 2020 en is waargeneem deur Ds. Heyns. Sy laat na haar familie en vriende.

Latest Releases
Late-Nite Video
Heilbron
Boh-ten Flavoured
Peanuts
now available!

Chutney, Salt & Vinager
Cheese, Nuts & Raisins
Peri-peri, Pink BBQ
Boerewors, Mnandi Mix
Chilli Bite, Sour Cream & Chives

Kerkstraat 42 C/42 C Church Street
072 807 7790 ★ 076 868 3837

KENNISGEWINGS

LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of Certificate of Registered Sectional Title Number ST27780/2009 in favour of HENRY BROADLEY COCKCROFT, IDENTITY NUMBER: 281203 5062 08 8, and JUDITH JACOBA COCKCROFT, IDENTITY NUMBER: 360805 0006 08 6, in respect of certain: A unit consisting of (a) SECTION NUMBER 5 as shown and more fully described on Sectional Plan Number SS279/2009 in the scheme known as JURY in respect of the land and building or buildings situate at FRANKFORT (Extension 6), Mafube Local Municipality, of which Section the floor area according to the said Sectional Plan is 147 (One Hundred and Forty Seven) square metres in extent; and (b) an undivided share in the common property in the scheme apportioned to the said section in accordance with the participation quota as endorsed on the said sectional plan; which has been lost or destroyed. All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds Bloemfontein at Room B29, Ground Floor, 85 Nelson Mandela Drive, Bloemfontein, within two weeks from the date of the publication of this notice. DATED at Oudtshoorn this 08 October 2020.

Applicant:
JJ Otto C/O Johan Wagener Inc
117 Church Street, Oudtshoorn
hannes@jwinc.co.za
Tel: 044 272 8911/2

BETREKKINGS

VAKANTE BETREKKING VIR AKTETIKSTER

RICHTER VAN DER WATT PROKUREURS in FRANKFORT
beskik oor 'n aktetikster pos en moet die applikant aan die volgende voldoen:

- Moet oor 'n matrieksertifikaat beskik.
- Moet ten volle rekenaarvaardig wees.
 - Moet ondervinding hê in aktevervaardiging, opstel van oordrags-dokumente en verbanddokumente.
- Vlotheid in Afrikaans en Engels.
- Goeie oordeel en die vermoë om konfidensieel op te tree.
- Moet eie inisiatief kan neem en moet onafhanklik kan werk.
- Moet selfgedrewe en goed georganiseerd wees.
- Moet deeglik, effektief en onder druk kan funksioneer.

Pos beskikbaar vanaf 1 Januarie 2021
CV's kan gestuur word na:
Richter van der Watt Prokureurs
Strydomstraat 11, Frankfort, 9830
Epos: richteraktes@lantic.net
Tel: 058 813 1133
Faks: 058 813 1170

BETREKKING

LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of Certificate of Real Right of Extension Number SK889/2009S in favour of HENRY BROADLEY COCKCROFT, IDENTITY NUMBER: 281203 5062 08 8, and JUDITH JACOBA COCKCROFT, IDENTITY NUMBER: 360805 0006 08 6, in respect of certain: The scheme known as JURY, in respect of the land and building or buildings situate at: ERF 714 FRANKFORT, EXTENSION 6, DISTRICT FRANKFORT, FREE STATE PROVINCE; IN EXTENT: 3321 (Three Thousand Three Hundred and Twenty One) square metres; which has been lost or destroyed. All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds Bloemfontein at Room B29, Ground Floor, 85 Nelson Mandela Drive, Bloemfontein, within two weeks from the date of the publication of this notice. DATED at Oudtshoorn this 08 October 2020.

Applicant:
JJ Otto C/O Johan Wagener Inc
117 Church Street, Oudtshoorn
hannes@jwinc.co.za
Tel: 044 272 8911/2

Form JJJ LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of DEED OF TRANSFER TE 3706/2012 passed by KEIKANECWE ELIZABETH MABULA ON BEHALF OF NGWATHE MUNICIPALITY in favour of JOSEPH LEHLOHONOLO MATEKANTE, ID: 701130 5371 080 in respect of certain ERF 791 PHIRITONA, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE which has been lost or destroyed. All interested presons having objections to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of the publication of this notice. Dated at Heilbron this 12 day of October 2020.

(GET) AA SCHUTTE
CORNELIUS & PARTNERS INC
40 CHURCH STREET
PO BOX 205, HEILBRON, 9650
TEL: 058 852 2035

BETREKKING BY TEAMTRANS

'n Ervare LANGAFSTRAND DRYWER KODE 14 met PDP. Baie goeie pakket word aangebied, vir die regte persoon. E-Pos CV na: teamtrans1@vodamail.co.za Aansoek sluit die 23ste Oktober 2020.

K0729

DIENTE SMALLS


Andries Muller
072 447 7446
Vrystraat 23,
Heilbron
Ou Heilbron
Betonwerke se gebou

**MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE
HERSTELWERK**

**HEILBRON • EDENVILLE
• FRANKFORT**

 Hugo Groenewald
082 569 7205
Kontak hom gerus vir
erige Lewendehawe
bemarking. Ue-die-
hand-transaksies of
veling rampel!



**BAAL /
SNY &
BAAL ...**
Vir sny-, hark-
en baalwerk.
Kontak
Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron R

AANDAG!!
Bruin aktetas
met ritssluiters,
is gesteel
uit voertuig
wat in Elstraat
geparkeer was.
Kontak Gerry
by 072 554 8133
K0732

**POSTNET
HEILBRON**

**Maandae -
Vrydae:**
08:00 -16:30

**Elstraat 42
HEILBRON**

**Maandae -
Vrydae:**
08:00 -16:30

**Elstraat 42
HEILBRON**

Tel:
058 853 0006

EIENDOMME

**VAN DER MERWE &
VENNOTE EIENDOMME**

**Vir die beste
transaksies en diens**

Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

**HEILBRON
ROLBAL-KLUBHUIS**
Gesik vir ongeveer 70 mense. Sluit in
volledige eetgerei, stoof en 2 oonde,
gelisensieerde kroeg beskikbaar.
Hannalie Claassen 079 040 0531 G

Form JJJ LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 (1) of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of DEED OF TRANSFER T4586/2018 passed by THE EXECUTOR IN THE ESTATE LATE LOUIS BALKIND ESTATE NUMBER 972/2015 in favour of MARLENE SHER, IDENTITY NUMBER 380811 0015 081 unmarried, in respect of: PORTION 2 OF ERF 112 HEILBRON, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE IN EXTENT 438 (FOUR HUNDRED AND THIRTY EIGHT) SQUARE METRES HELD BY DEED OF TRANSFER T4586/2018, which has been lost or destroyed. All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of the publication of this notice. Dated at Johannesburg this 15th day of October 2020.

OLGA-MAY MUSNITZKY
CONVEYANCER
OLGA-MAY MUSNITZKY
ATTORNEY
83 SOLEMO ROAD GLENHAZEL
JOHANNESBURG 2192
PH 082 377 9622
olgamay@mweb.co.za

WINKELURE

**Maandae -
Donderdae:**
07:30 - 17:00
Vrydae: 07:30 -
16:30 **Saterdag:**
09:00 - 13:00
Elsstr 44 • Heilbron
Tel: 058 852 3033

GiG Technologies (Pty) Ltd
Wireless Internet
www.jenny.co.za
087 170 0000

• Alarm Systems • Web Development
• Computer Products • Internet Services
• Computer Repairs • CCTV Installations

Contact us for all your technical needs!
Adriaan: 072 840 4495 Estian: 074 279 6993
Email: info@jennycogroup.co.za



GEMEENSKAPSNUUS

BOERE - OM TE MEET IS OM TE WEE

Die toekoms lê in die persoon wat begrip het dat mikro-organismes vir jou moet werk en nie teen jou nie. Die grond is nie lewensloos nie! Die hoeveelheid mikrobies in een druppel grootpens-vloeistof is 10 keer meer as die totale bevolking in die wêreld.

Een van die belangrikste hulpmiddels wat die moderne boer vandag moet weet, is wat in sy gesaides aangaan. Hy moet kan bepaal daar is skades voordat dit gebeur en die nodige regstellings maak.

Die Trichoderma storie:- so vroeg soos 1930 is die potensiaal van Trichoderma blootgelê as 'n biologiese beheer/agent en het navorsing gevorder met die beheer van die lys van siektes deur die



Verlede Donderdag het prof. Leon van Rensburg boere bekendgestel aan die sojaplant, sy behoeftes, regstellings in die groei fase en die grondkunde. Irremec Makelaars wat die dag geborg het, het die gaste onthaal met 'n lip-lekker skaapbraai. Op die foto verskyn vnr Anton van Rooyen, en prof. Leon van Rensburg van Irremec, Tharina Terblanche, Tsaats Hatingh en Johan Broodryk (Irremec agent/bemarker).

genus van swamme.

Die Brix-meter is onlangs in gebruik geneem om blaaronsteking in onder andere mielies, sojas, ens te meet. Die meter meet

grotendeels die suikervlakke in die blare, wat 'n aanduiding gee wat die energie behoeftes van die plant is. Dit is nie die ja-en-amen van blaaronsteking nie, maar waarsku die tekortkoming. Regstellings deur blaarvoeding kan dan gemaak word. Die boer kom nie altyd betyds agter as daar 'n probleem met die plant is nie en die meter maak dit soveel makliker.

Dit kan ook vir ander doeleindes gebruik word soos bv gras wat gebaal is, ens. Die suiker-

gehalte het 'n positiewe invloed op plante sowel as voer. Hoër suikergehalte in voer bevorder bv. diereproduksie.

Die Brix-meter tellings kan aangepas word met verskeie lesings vir verskillende plante om die suikers te bepaal. Daar kan dan deur middel van blaarvoeding regstellings gemaak word wat die plante nodig het.

Time gentlemen
Tom Watson

VERWELKOM AS INWONER

Sophie Spies het 37 jaar gelede by Huis-Bron van Heil aangesluit nadat sy op die ouderdom van 35 daar begin werk het. Sy word deur sommige beskryf as 'n ikoon, iemand wat 'n verskil gemaak het, nie net in die ouetehuis nie, maar ook by die inwoners en 'n tuiste vir elkeen geskep het. Sy is alreeds die afgelope 15 jaar woonagtig op die perseel, waar sy haar eie woonstel opgerig het. Sy het afgetree nadat sy haar been verloor het weens diabetes. Ongeveer ses maande

gelede het sy haar woonstel begin uitverhuur en na 'n kamer binne die ouetehuis getrek. Die direksie van Huis-Bron van Heil het die 9de Oktober formeel aan haar dankie gesê vir al haar harde werk en die rol wat sy ook gespeel het as bestuurder die laaste paar jaar by die ouetehuis. Afskeid is van haar geneem en sy is amptelik verwelkom as inwoner. Huis-Bron van Heil verwelkom en kondig die nuwe bestuurspan aan in die eerste week van November.



Sophie Spies en Ria van Vuuren.



Sophie Spies en Sandra Mynhardt.



DIREKSIE VAN HUIS BRON-VAN-HEIL: Op die foto agter vl: Helgard Claassen, Ria van Vuuren, Sharky Kuhn, Rita Groenewald, Johan Greyling, Louise van der Westhuizen, Sakkie van der Westhuizen. Voor vl: Sandra Mynhardt, Fanie Malherbe, Jannie Jansen en Sophie Spies.

ons kan 'n verskil maak
OPBRENGS, WINSGEWENDHEID & BETER PRYSE

liquigro

VLOEIBARE ORTOFOSFAAT
UNIEK VIR SOJA'S

VLOEIBARE
MIKRO-ELEMENTE
OP PLANTE

KIMLEIGH
CHEMICALS SA (PTY) LTD

ALLE AANBEVELINGS GEDOEN IN SAMEWERKING MET
PROF. LEON VAN RENSBURG

KUNSMISREKENING TE HOOG?

KONTAK ONS VIR KWOTASIE - ONS BIED DIE BESTE PRYSE



irrimec
Brokers

Johann Broodryk


079 998 8446

JOHANN.IRIMEC@GMAIL.COM

EARLY WARNING SIGNS FOR BREAST CANCER

• Heilbron Kliniek

Heilbron Kliniek bied 'n opedag aan die 10de November 2020. Alle vroue is welkom om die kliniek te besoek vir bors ondersoek.



VAKANTE BETREKKING VIR KOSTER

NG KERK HEILBRON (Moedergemeente)

DIE POS VEREIS DIE VOLGENDE:

- Die bestuur van algemene instandhouding en toesighouding van die kerkperseel, geboue en die terreinpersoneel.
- Dit behels die voorbereiding van lokale vir eredienste, funksies, huwelike, begrafnisse en vergaderings.

DIE POS BEHELS OOK SEKERE ADMINISTRATIEWE VEREISTES:

- Tegniese vaardigheid is 'n belangrike vereiste.
- Rekenaarvaardigheid sal hoog op prys gestel word, maar is nie 'n definitiewe vereiste nie.
- Aansoekers moet oor goeie kommunikasie vermoë en menseverhoudings beskik.
- 'n Vergoedingspakket soos deur die Kerkraad voorgeskryf, sal onderhandel word.
- 'n Baie belangrike vereiste is dat die kandidaat te alle tye op kort kennisgewing beskikbaar moet wees.
- Mens wat reeds 'n voltidse/deeltydse betrekking beklee, sal nie oorweeg word nie.
- Aansoekers, vergesel van 'n volledige CV kan tydens kantoorure by die kerkkantoor ingedien word.

Sluitingsdatum vir aansoek: Vrydag, 30 Oktober 2020.

Diensaanvaarding: Vrydag, 6 November 2020.

- Aansoekers moet beskikbaar wees om op kort kennisgewing na die sluitingsdatum vir 'n onderhoud genooi te word.

Kontakpersoon: Petra Els (Saakgelastigde)

Kantoorure: Maandae, Woensdae, Vrydae tussen 08:00 en 13:00.

Tel: 058 852 1615

HOËRSKOOI WILGERIVIER FRANKFORT

Vakante Departementele Pos
SENIOR KOSHUISMATRONE

- graad 12
- menslike hulpbronne bestuur
- rekenaarvaardig in Pastel
- begrotingsbestuur en finansiële kontrole
- spyskaart ontwikkeling en beplanning
- logistieke beplanning

Stuur volledige CV na:

(CV moet insluit: ID, Kwalifikasies & vorm Z83)

• e-pos: wilgeskool@lantic.net

• faks: 0866 595 407

• Posbus 16, Frankfort, 9830

Sluitingsdatum: 23 Oktober 2020

Navrae: Mnr. H. Pelster (058-813-1010)

HOËRSKOOI WILGERIVIER FRANKFORT

Vacant Departmental Post
Senior Housekeeping Supervisor

- grade 12
- human resource management
- computer literate in Pastel
- budget management and financial control
- menu development and planning
- logistic planning

Send full CV to:

(CV must include ID, Qualifications & Form Z83)

• email: wilgeskool@lantic.net

• fax: 0866 595 407

• PO Box 16, Frankfort, 9830

Closing date: 23 Oktober 2020

Enquiries: Mnr. H. Pelster (058-813-1010)

WINKELURE

Maandae - Donderdae:

07:30 - 17:00

Vrydae: 07:30 - 16:30

Saterdag: 09:00 - 13:00

Tel: 058 852 3033

Almal word hartlik uitgenooi na

HEILBRON HUIS- & TUINBOUKLUB
VERGADERING
Woensdag - 21 Oktober 2020
10:00
Leeuwpoot - Woning v Wilna Weilbach

- Kom leer by Micheal Stone hoe om jou eie houtskool te maak en as kompos te gebruik
- Lynne Stone vertel ons meer oor goeie grond
- Bou jou eie pizza - brood - oond!

Bevestig jou teenwoordigheid voor/op
19 Oktober 2020 by
Wilna Weilbach - 072 198 5863

Almal is baie welkom!

ORDER NOW

Heilbron
Herald

Custom calendars
Wall calendars
Tent calendars
Desk Pads
Birthday calendars
2021 Diaries

February

MONDAY
1
8
15

TUESDAY
2

058 852 3033

marketing@heilbron.co.za | herald@heilbron.co.za

SMALLS

TENDER

Tenders word hiermee

aangevra vir die

verkoop van

ondergraad Weipoerier,

Afgeroomde melkpoerier ...

Karringmelkpoerier

verpak in 25kg sakke, onderhewig aan

die volgende voorwaardes:

1. Die tender periode sal strek vanaf

1 November 2020 tot

31 Desember 2021.

2. Die tenders moet in rand en sent per

sak uitgedruk word. Geen tender sal

aanvaar word indien dit nie spesifiek 'n

rand en sent bedrag bevat nie.

3. Produk sal voetskoots aan die

sukcesvolle tenderaar verkoop word.

4. Produk mag nie vir menslike gebruik

aangewend word nie. Clover behou die

reg voor om summier lewering te staak

indien dit vasgestel word dat die produk

vir menslike gebruik aangewend word.

5. Produk moet self deur die suksesvolle

tenderaar by Clover se Heilbron fabriek

afgehaal word.

6. Tenders sluit op 27 Oktober 2020 om

16:00.

7. Die hoogste tender of enige tender sal

nie noodwendig aanvaar word nie.

8. Tenders kan per hand in versêelde

koevert ingehandig word te Clover

Heilbron duidelik gemerk:

Die Bestuurder Clover Heilbron: "Tender

Ondergraad Poerier" of per epos gestuur

word aan: marlene.naude@clover.co.za

DIE BESTURDER

CLOVER

POSBUS 79, HEILBRON, 9650

HERALD

BEGIN VAN ROLBAL SE BESIGHEIDSLIGA

Laas Dinsdagmiddag het baie mense seker gedink 'n aardbewing het skuins agter die hospitaal plaasgevind, maar voordat hulle die noodhelikopter kon inroep het hulle besef dis die begin van die rolbalkklub se besigheidsliga.

Met die ondersteuning van al Wentworth Square se besighede, asook die Heilbron Herald, was dit 'n uitgemaakte saak dat die aand 'n groot sukses sal wees.

Baie dankie aan die volgende besighede.

Heilbron Herald, Buffalo Valley Spur, Hartklop, Nappy Town, Villa Rosa, asook Platteland Apteek wat binnekort hulle deure oop maak.

Elke baan (rink) het 'n "afrigter" gehad om die twee 2 spanne van advies te voorsien, aan die einde van die spel het hierdie ses "afrigters" verstaan wat beteken die uitdrukking "jy moet hare op jou tande hê", maar die aand was nogtans een groot JOL.

Tussen al die plesierigheid deur het die spanne mekaar goed opdraande gegee. Die gholffklub se span bestaande uit die komiteede, het

bewys hulle ken balle en het ook welverdiend met die eerste prys weg gestap. Wat is dan lekkerder as 'n ete by BUFFALO VALLEY SPUR.

L + T Boerdery se span was kort op die hakke van die wenspan.

Met die trekking van wenners teen wenners, sal die manne met die stokke moet vasvat teen die manne met die trokke volgende Dinsdagaand.

Daar was ook 'n ander span... Die "Koek-span" en nee, hulle het nie gewen nie, maar het wel 'n prys gewen, 4 sjokoladekoekes geskenk deur HARTKLOP.

Gelukkig het die sensuurraad oor die jare aanpassings gemaak en kan daar ook 'n foto van hulle geplaas word.

Baie mense het hard gewerk om van die toernooi 'n sukses te maak, daarom 'n groot dank aan elke rolballid se bydrae.

Maar, en hierdie is 'n groot maar, wat is so 'n aand sonder die regte persoon om die mense van al die regte goedjies met "eish" te voorsien,

iemand wat kan raak vat! Dankie aan die gholffklub wat Ruben vir ons geleen het vir die aand.

Afgesien van die koue goedjies wat beskikbaar is, sal daar volgende week ook worsbroodjies te koop wees.

Plaas asseblief bestellings by Hannalie 079 040 0531 of by Judith 079 363 0378, nie later nie as Maandagmiddag.

Vir die kleintjies sal daar ook ysies en "chippies" te koop wees.

Kom kyk wat gebeur by die rolbalkklub volgende Dinsdagaand en kom kuier saam met ons.

Die rolbalkklub se lede wil ook hul medelye oordra aan Annetjie du Plessis en haar familie met die afsterwe van Danie.

Trekking Dinsdag 20 Oktober

Gholffkomitee teen L + T Boerdery
Pluimbal teen JCB

Achaar teen Telwiedre
Kopangang teen Cornelius en Vennote

Vier en Half teen Heilbron Herald
Bayer teen NIP en TUCK

HEILBRON GHOLFFKLUB
bied aan

OK Foods



Gholffdag
24 Oktober 2020
Inligting volg!
R7500 se koopbewyse
op die spel.
Inskrywings by
Ruben 071 244 2685



Op die foto vl: Annari Combrinck, Meloney Pretorius, Dolly Pretorius, Nicolene Weyers en Lisa Boshoff.



Op die foto bo van die Gholffklub komiteede: Pieter van Staden, Gerrie Muller, Jackie Leonard en Eben Stander.

HERALD
Office National
BACK TO SCHOOL
2021 Catalogue & Orders
NOW available online
www.heraldoffice.com

F.T.C.
FOR ALL TRUCK, CAR & TRAILER PARTS & REPAIRS
Villiers Avenue 12 • Frankfort • 9830
www.ftcfrankfort.com
BRAKES & CLUTCHES | **HYDRAULIC HOSE ASSEMBLIES**
Willem : 072 647 1074 | Parts : 072 684 3861
Ruan : 072 176 4206 | Landline : 058 813 1206
Thinus : 079 544 8096 | Email : ftcfrankfort@gmail.com

SPORT

DIE Herberg
Buffet Ete
1117 Scott & Market St. Orangeville
1 November 2020
R150 p.p.
Besprekings:
016 351 1673

BKB Louwid NOORD

Die komende week se
BELANGRIJKSTE veilinge

DINSdag - 20 OKTOBER 2020

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Farie Nel 083 325 3066

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Frenk Pieterse 079 560 7088

WOENSDag - 21 OKTOBER 2020

BOTHAVILLE: MERGA STOET
140 SAAM skape
11:00, Klipplaatdrif, Bothaville
Kontak Louwtje Bezuidenhout 082 827 7443

DONDERDag - 22 OKTOBER 2020

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Gert Burger 082 822 1952

KROONSTAD veiling
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189

POTCHEFSTROOM: CHRIS HEYNEKE & MEDEVERKOPERS
Implemente & speelgoed
11:00, Droogtespruit, Potchefstroom
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

VRYDag - 23 OKTOBER 2020

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Erik Heymans 083 264 5177

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049



www.bkb.co.za
BKB Louwid NOORD 0905/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkbblouwid.co.za